# Die missionêre gerigtheid van die kerk

**J C van der Merwe & M J du P Beukes**
**Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The church as missionary church**
*Statistics show that the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is not growing. The basic cause of this situation seems to be that the Church is not spending enough of its efforts and energy on being a missionary church, but on maintaining itself. The negative tendencies of the institutional and the preaching models seem to previal. This study is an attempt to show that church-method and being-church are indissolubly tied to each other. Being-church means, in the light of this study, being God's missionary in the world for the glory of God — being a missionary church.*

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

In ons navorsing oor die funksionering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het ons bepaalde tendense opgemerk:

* In die meeste van die gemeentes ontbreek spesifieke konkrete missionêre doelwitte;
* die eredienste van die gemeentes is so ingerig dat dit hoofsaaklik gerig is op intensiewe groei en ekstensiewe groei word feitlik glad nie verreken nie;
* die offergawes van die gemeentes word feitlik net vir die instandhouding van die bestaande gebruik, terwyl 'n minimale bedrag vir evangelisasie aangewend word;
* die meeste gemeentelede huldig die gedagte dat die kerk hoofsaaklik ten doel het om geloof op te bou en nie 'n missionêre roeping het nie. Die missionêre word gewoonlik gedelegeer na 'n evangelisasiekommissie en die gee van 'n vasgestelde bedrag vir die sending van die kerk; en
* die volkskerkgedagte is verpolitiseer.

Hierdie situasie het waarskynlik ontstaan omdat die kerk sy wese en doel dikwels misgekyk het, en waar dit wel raakgesien is, nie sover gekom het om dit na die praktyk deur te trek nie. Hierdie studie is 'n poging:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* om die wese van die kerk te beskryf en aan te toon dat die missionêre 'n integrale deel van kerkwees is;

* om aan te toon dat die kerk in 'n groot mate verword het tot 'n instituut en dat 'beweging', wat 'n integrale deel van kerkwees is, in 'n groot mate verdwyn het; en

* om moontlike riglyne vir die toekoms aan te toon.

Met die oog op die daarstelling van 'n gefundeerde praktyk, sal dit nie help om slegs die simptome, soos wat dit in die praktyk voorkom, te dokter nie. Om die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kerk te laat wees ooreenkomstig God se bedoeling, sal by die hart van die saak begin moet word. Daar sal grondig besin moet word oor die wese van die kerk. *Die doel van hierdie studie is om aan te toon dat die wese van die kerk missionêr is. Dit is die roeping van die kerk, van elke gemeente, van elke lidmaat.*

In ons navorsing het ons gevind dat Bosch baie goed daarin slaag om die wese en doel van die kerk te beskryf. Ons het gevolglik vir die eerste deel van die artikel grootliks op sy bevindinge gesteun.

## 2. WESE EN DOEL VAN DIE KERK

Die vraag na die wese van die kerk is volgens Velthuysen (1988:489-513) 'n filosofiese vraag. 'Dit moet eweneens duidelik wees dat dit nie 'n filosofiese antwoord wil ontlok nie, maar dat dit op hierdie spesifieke wyse gestel is omdat dit wil deurdring na die essensiële van kerkwees.' 'n Poging om die 'wese' van die kerk te formuleer, kan op minstens twee maniere gedoen word, naamlik inklusief of eksklusief — daar kan óf breed óf eng geformuleer word. Dit kom op die volgende neer: Inklusiewe formulering sal daaruit bestaan dat alle elemente wat tot die aard en 'kerkwees' van die kerk behoort en deur die Nuwe Testament na vore gebring word, gekatalogiseer word. Iemand wat ten gunste van so 'n inklusiewe formuleringsmodus kies, sal dit doen in die oortuiging dat elkeen van hierdie elemente konstituerend ten opsigte van die kerk is en dus tot die wese van die kerk behoort. Anders gesê: daar sal aangedui word dat al hierdie konstituerende elemente gesamentlik die wese van die kerk uitmaak, of andersins dat die kerk nie een van hierdie 'wesenlike' elemente kan mis nie. Om meer op die man af te wees, kan die volgende by wyse van voorbeeld gestel word: 'n Inklusiewe formulering sou kon bestaan uit die tabulering van 'n reeks *notae ecclesiae* (wat sou kon verskil, afhangende van die kerklike tradisie van waaruit dit kom) en wesenlike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kerkwees al dan nie, sou beoordeel word aan die hand van die voorkoms van almal of die ontbreking van een of meer. Daarteenoor sou 'n eksklusiewe formulering daarop neerkom dat daar 'n poging aangewend word om deur te dring tot die werklike kern of 'pit' van kerkwees — die één saak in die sentrum waarsonder die kerk hoegenaamd nie gedink sou kon word nie. Hier word verwys na die essensiële werklikheid wat oorbly nadat alle predikate wat moontlik van die begrip 'kerk' weggesny kan word, weggesny is. Wat dan oorbly, is daardie onmisbare 'iets' waarsonder die kerk nie meer kerk kan wees nie (Velthuysen 1988:490). Langs die weg van eksklusiewe formulering wil ons aantoon dat Jesus Christus die wese van die kerk is.

Teoloë is eenstemmig dat Jesus Christus die wese van die kerk is. Velthuysen (1988:501vv) sê Jesus Christus is die kerk se *raison d'être*. Pelser (1995:649) dui die volgende aan: ''n Mens kom eenvoudig nie weg van 'n ruimtelike dimensie in die sin van 'n geïnkorporeerdheid nie, en ook nie van 'n bepaalde identiteit of kontinuïteit tussen Christus en die kerk nie.' Van der Westhuizen maak in hierdie verband die volgende stelling (vgl ook Armstrong 1979:45; Getz 1994:98; Bosch 1993:9):

> Die wese van die kerk van die Here is die Heer van die kerk. Die kerk is die aardse liggaam van Jesus Christus, wat sy hemelse Hoof is. Die kerk is Christelike kerk of dit is nie kerk nie. Omdat Christus die wese van die kerk is, is die wesenskarakter van die kerk tweeledig: die dissipelmatige en die apostolaat.
>
> (Van der Westhuizen 1990:543)

Wanneer gesê word dat die wese en die wesenlike van die kerk in sy verbondenheid met Christus lê, beteken dit nie dat die kerk nou uitsluitlik 'n Christus-saak is nie. Verbondenheid met die Vader (deur Christus) en met die Heilige Gees is eweneens konstituerend vir die ware kerk. Die Christus-belydenis is altyd ook gelyk aan 'n Vader-belydenis, gegee deur die Heilige Gees. Tereg toon Koekemoer (1995:599) in hierdie verband op die voetspoor van Otto Weber aan: Die kerk is immers wat hy is deur die Heilige Gees. 'Die Gegenwart des Christus in seiner Gemeinde aber ist seine Gegenwart im Geist.'

Christus gee egter met sy arbeid as Profeet, Priester en Koning aan die kerk sy oorsprong. Op sy duidelikste kom hierdie bestaansgrond van die kerk tot uitdrukking in die bekende beeld van die liggaam in 1 Korintiërs 12, Efesiërs en Kolossense. Hierdie beeld toon ten diepste die verbondenheid met Christus aan (vgl Nel 1986:4).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Koekemoer (1995:598) wys daarop dat Bonhoeffer die kerk beskou as 'Christus eksisterend in die gemeente. So word die gemeente gesien as die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus, terwyl Hy die Here van die kerk is en bly. Dit is die wyse waarop Christus in die wêreld teenwoordig is. Dit impliseer dan om in die kerk te wees, beteken om in Christus te wees, en om in Christus te wees, beteken om in die kerk te wees. Hierdie uitsprake van Bonhoeffer wat skynbaar daarop dui dat hy buite die spanningsveld beweeg en by 'n Christus-*prolongatus* teregkom, word in die regte perspektief gestel as hy tegelyk ook van Christus as Heer van die gemeente en broeder in die gemeente praat.' Maar dit is nie net Bonhoeffer wat die kerk sien as die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus nie. Koekemoer (1995:599) wys daarop dat ook Barth (1953:738) met die kerk werk as die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus. Hy stel dat wanneer daar van Jesus Christus as Hoof van die gemeente gepraat word, daar gepraat word 'von seiner himlische Existenzform', en wanneer daar van die gemeente as sy liggaam gepraat word, daar van sy 'irdischgeschichtliche Existenzform' gepraat word (Barth 1953:739). Wat die kerk Christelik maak, is dat dit om Jesus Christus gaan. In hierdie verband vestig Velthuysen (1988:501) die aandag op 'n belangrike saak. 'Dit gaan dus nie om wesensidentifikasie nie, maar om die identifikasie tussen die Eienaar en dit wat uitsluitlik aan Hom behoort. Hierdie identifikasie is nie minder radikaal as 'n wesensidentifikasie nie — dit lê net op 'n ander vlak. Dat die kerk aan Jesus Christus behoort, is nie net aanduidend van die verhouding Eienaar-eiendom nie, dit is die kerk se *raison d'être'* (kyk ook Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 54; NGB art 27). Nel (1986:6-7) is korrek wanneer hy sê:

> Christus is die Hoof van die kerk en die Hoofskap dui op heerskappy en lewenseenheid wat voortvloei uit die oorgawe van die self wat beteken dat Hy ook finale seggenskap oor die gemeente het. En verder beteken die Hoofskap van Christus vir die wese van die kerk 'n betaans- en voortbestaansafhanklikheid wat beteken dat die kerk uit die mond en die hand van sy Heer leef.

## 3. WAT IS CHRISTELIKE SENDING?

Christelike sending gee uitdrukking aan die dinamiese verhouding tussen God en die wêreld, veral soos uitgebeeld word in die verhaal van die verbondsvolk Israel en in die geboorte, lewe, dood, opstanding en verhoging van Jesus van Nasaret. Kramer sê (1979:213): 'A theological foundation for mission is only possible if we continually refer back to the ground of our faith: God's self-communication in Jesus Christ'.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat in ons nadenke oor die wese en doel van die kerk van belang is, is om veral te let op die onderskeid tussen 'sending' (enkelvoud) en 'sendings' (meervoud). Die enkelvoud wil die klem laat val op die *missio Dei* ('God's mission'), dit is God se self-openbaring as die Een wat die wêreld liefhet. Daarteenoor verwys die meervoud na die *missiones ecclesiae*, dit wil sê die missionêre bedrywighede van die kerk. Dit verwys met ander woorde na spesifieke wyses wat verband hou met spesifieke tye of behoeftes van die deelname aan die *missio Dei*.

Waar dit hier gaan oor die doel en wese van die Christelike kerk, is dit veral ook nodig om te vra na die persoon wat die kerk konstitueer, naamlik Jesus Christus. Juis ten opsigte hiervan merk Bosch (1993:23) op:

> God's self-communication in Christ is the basis which logically precedes and is fundamental to every other reflection. To affirm this is not to say that all we have to do is to establish what mission meant for Jesus and the early church and then to define our missionary practise in the same terms, as though the whole problem can be solved by the way of a direct application of Scripture.

Die benadering wat gevolg moet word, is 'n interaksie tussen wat Bosch (1993:23) die 'selfverstaan' van die skrywers en rolspelers noem en die 'selfverstaan' van die hedendaagse gelowiges wat graag deur die vroeë getuies geïnspireer en gelei wil word. Die vraag is: Hoe het die vroeë Christene en die daaropvolgende geslagte hulleself gesien? Hoe verstaan ons, die hedendaagse Christene onsself? En watter effek het hierdie selfverstaan gehad op hoe hulle 'sending' verstaan het en hoe ons dit verstaan ?

Die vraag na die self-verstaan van die vroeë Christene dwing ons om eers te vra na die selfverstaan van Jesus. Ons afleiding is dat Jesus, as Jood, Homself nie net verstaan as gestuurde na sy eie mense nie, maar na alle mense wat hulle self op die rand van die samelewing bevind, 'die gemarginaliseerdes' wat eenkant toe gestoot is en steeds gestoot word (Van Aarde 1995:637). Bosch (1993:27) stel dat dit belangrik is om te let op Jesus se:

> ... consistant challenge to attitudes, practises and structures that intended arbitrarily to restrict or to exclude potential members of the Israelite-community. This applies particularly to those who are marginal to the Jewish establishment. The Jesus story mentions them by many names: the poor, the blind, the lepers, the hungry, those who weep, the sinners,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> the tax-collectors, those possessed by demons, the persecuted, the captives, those who are weary and heavy laden, the rabble who know nothing of the law, the little ones, the least, the last, the lost sheep of the house of Israel, even prostitutes. As happens in our own time, the affliction of many of those on the periphery of society is occasioned by repression, discrimination, violence and exploitation. They are probably at one and the same time victims of circumstances, practitioners of despised trades, and shady characters.

Volgens Dudley & Hilgert (1987:107) sluit Jesus nie net die sogenaamde gemarginaliseerdes in nie, maar ook dié wat aan die anderkant van die spektrum staan. Sy bediening is aan almal-insluitend. Jesus se bediening is gerig op die armes sowel as die rykes, die verdrukte en die verdrukker, die sondaar en die toegewyde. Hierdie almalinsluitende aard van Jesus se bediening sluit ook nie-Jode in. So kan selfs gesê word dat Jesus self die grondslag gelê het vir arbeid onder die heidene (Bosch 1993:31).

Oberholzer (1985:14) open die perspektief dat Jesus Christus, wat die Hoof van die Kerk is, Heer van die wêreld is. In die apostolaat kom die kerk nie met 'n eie magsaanspraak nie. Hy bly gesant met 'n boodskap. Die volmag waarmee hy optree, is duidelik omskryf, en die inhoud van die boodskap is die evangelie van die opgestane Christus. Dit beteken dat die kerk nooit wêreldvreemd wil wees nie. 'Hy bly in die wêreld alhoewel hy nie van die wêreld is nie, daarom sal wat in die wêreld gebeur hom aangaan. Hierdie is dan ook een van die redes waarom die NHKA daartoe oorgegaan het om 'n werkdokument soos Kerk en wêreld 2000 daar te stel. Hy wou duidelik uitspel dat, alhoewel hy teologies dink, hy dit doen ten behoewe van die wêreld' (Koekemoer 1990:709). Die missionêre stukrag van Jesus se bediening kom volgens Bosch (1993:31) veral tot uitdrukking in:

* Jesus se proklamasie van God se regering/heerskappy;
* Jesus se houding teenoor die Joodse wet;
* die roeping van en opdragte aan die dissipels; en
* die betekenis van Paasfees.

In Jesus se bediening word God se heerskappy/regering vertolk as die uitdrukking van God se gesag oor die hele lewe. Intussen bly die 'counter-forces' 'n werklikheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> We know that our mission will not usher in God's reign. Neither did Jesus. He inaugurated it but did not bring it to its consumation. Like Him, we are called to erect signs of God's ultimate reign — not more, but certainly not less either. As we pray 'your kingdom come' we also commit ourselves to initiate, here and now, approximations and anticipations of God's reign. Once again: God's reign will come.
>
> (Bosch 1993:35)

Jesus se houding teenoor die Joodse wet is baie belangrik. God se heerskapppy, en nie die Tora nie, is vir Jesus die bepalende faktor. Dit impliseer nie dat Jesus 'wetteloosheid' of antinomianisme voorgestaan het nie. Wat gebeur, is dat die wet (die Tora), om dit so te stel, so 'n bietjie teruggedruk word ten gunste van God se heerskappy. En hierdie heerskappy van God manifesteer as liefde vir almal. Verder is dit baie duidelik dat in Jesus se bediening, mense belangriker is as reëls en wette (Bosch 1993:36). Dit het, wat die kerk betref, verreikende implikasies. Die kerk moet voortdurend teen die vorming en oprigting van afgode veg. As die kerk dit doen, 'moet dit voortdurend daarop bedag wees om nie self 'n god te word nie. Die kerk mag nooit 'n magsfaktor in die wêreld wees nie. Daarom sal die Konstantynse kerkbeeld self gedemistifiseer moet word' (Deist 1989:901). Die kerk sal hom van sy stralekrans moet ontdaan en weer die slawekleed moet omhang en ook ander Christene se voete begin was. 'Die kerk sal moet besef dat hy in die wêreld gestuur is om (meestal in die verborgene) te dien, nie om prominent te wees nie .... Miskien sal die kerk, as dit van sy stralekrans ontdaan word en weer die slawekleed aantrek, vorentoe minder opsigtelik wees, maar daarom dalk ook minder gekontamineerd en derhalwe meer effektief' (Deist 1989:901). Steve Sjogren (1993:19) sê in hierdie verband:

> Jesus came as the suffering, humble servant. The goal in servant evangelism is to shine the spotlight on God's kingdom by coming in the spirit of Jesus. God understood that humility is one of the triats that gets the attention of the human race.

Die roeping en opdragte aan sy dissipels vra in konteks van die roeping van die kerk ons besondere aandag. Wat die roeping en opdraggewing van die dissipels betref, merk Bosch (1993:36) op:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> In Mark's and Matthew's gospels Jesus' public ministry begins with the proclamation: 'The time is fulfilled, and the kingdom of God is at hand; repent and believe in the Gospel!' (Mk 1:14f; Mt 4:17). Immediately following this announcement, both evangelists relate the calling of the first four disciples' (Mk 1:16-20; Mt 4:18-22).

Hierdie opeenvolging van gebeurtenisse kan nie bloot toevallig wees nie. Markus in die besonder het 'n missionêre doel in gedagte in sy weergawe van die roeping van die dissipels. Dit is dan ook een van die belangrikste verskille tussen Jesus se dissipels en die dissipels van die ander rabbis.

> In the Judaism discipleship was merely a means to an end. Being a *talmid*, a student of the law, was no more than a transitional stage. The student's goal was to become a rabbi himself .... For a disciple of Jesus, however, the stage of discipleship is not the first step toward a promising career. It is in itself fulfillment of this destiny. The disciple of Jesus never graduates into a rabbi. He may, of course, become an apostle, but an apostle is not a disciple with a degree in theology. Apostleship is not, in itself, an elevated status. An apostle is essentially, a witness to the resurrection.
>
> (Bosch 1993:37)

In teenstelling met gewone rabbis se dissipels wat bloot hulle studente was, is Jesus se dissipels ook sy diensknegte (*δοῦλοι*). Dit op sigself, is 'n vreemde gedagte vir die laat-Judaïsme. Jesus se dissipels buig nie net voor sy groter kennis nie, maar hulle gehoorsaam Hom. Hy is nie slegs hulle leermeester nie, maar ook hulle Heer. Die Meester is terselfdertyd ook die dienskneg. So het dissipelskap bepaalde en direkte implikasies vir die volgelinge van Jesus. En wel in so 'n mate dat Bosch (1993:39) die aandag op die volgende vestig:

> Naturally this implies to their mission also. The 'ordinary' members of the first Christian communities cannot appropriate the term 'disciple' to themselves unless they are willing to be enlisted in Jesus' fellowship of service to the world. The entry point for all alike is receiving forgiveness and accepting the reality of God's reign; this determines the whole life of the disciple and of the community to which he or she belongs.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vir die dissipels van Jesus was Paasfees deurslaggewend. Hulle het die kruis van Jesus geïnterpreteer as die einde van die ou wêreld en die opstanding as die inval (*irruption*) van die nuwe. Die opstanding het die seël op sy werk geplaas, dit was die goedkeuring van wat Jesus gedoen het. Dit was ook as gevolg van Paasfees dat die evangelies geskryf is. Sonder Paasfees sou die evangelies nie sin gemaak het nie. Direk aan die Paasgebeure verbonde, is die Pinkstergebeure wat self ook integraal missionêr van aard is (Bosch 1993:40). Dit is duidelik dat die vroeë kerk sy missionêre opdrag baie ernstig opgeneem het. In die loop van drie jaar het Jesus sy dissipels vir 'n baie besondere doel voorberei, naamlik om die evangelie uit te dra na alle plekke en alle persone (Getz 1994:57).

## 4. DIE KERK (GEMEENTE) AS EMPIRIESE SUBJEK — VAN BEWEGING NA INSTITUUT

Kommer is uitgespreek oor die feit dat die vroeg-Christelike kerk uiteindelik sy 'beweging' — karakter sou verloor en 'n 'instituut' sou word. 'Either the movement disintegrates or it becomes an institution — this is simply a sociological law' (Bosch 1993:52). Dit het gebeur met die Waldense, Morawiërs, die Kwakers, die Pentekostaliste en baie ander. Dit sou noodwendig ook met die vroeë Christene gebeur. Wat egter betreurenswaardig is, is nie soseer dat die beweging geïnstitusionaliseer is nie, maar dat toe dit gebeur het, die kerk baie van sy entoesiasme verloor het.

> Its white-hot convictions, poured into the hearts of the first adherents, cooled down and became crystallised codes, solified institutions, and petrified dogmas. The prophet became a priest of the establishment, charisma became office, and love routine. The horizon was no longer the world but the boundaries of the local parish. The impetious missionary torrent of earlier years was tamed into a still flowing rivulet and eventually into a stationary pond. It is this development that we have to deplore. Institution and movement may never be mutually exclusive categories: neither may church and mission.
>
> (Bosch 1993:53; kyk ook Van Aarde 1995:638)

Aan die ander kant is struktuur baie belangrik vir die funksionering van die kerk. Pont (1987:43) verwys in dié verband na Calvyn se besondere siening van die verhouding tussen die struktuur en welwese van die kerk. Dit is tog belangrik om daarop te let dat by Calvyn die kerk 'n lewende organisme is met 'n organisatoriese kant en dat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

struktuur 'n middel tot 'n doel is. Die groot doel van die kerk is om draer van die waarheid van die Woord te wees om so alles en almal op te roep om tot eer van God te leef en te werk. En selfs as dit gaan om die waarheid, is Calvyn bereid om 'n rangorde van die verskillende leerstukke te aanvaar. 'Die strukturele is by Calvyn nooit absoluut nie omdat struktuur tot die welwese van die kerk behoort en nié tot die wese van die kerk nie. Wat nie wil sê dat die struktuur onbelangrik is nie, maar dat dit nie doel in sigself is nie.' Die gevaar is egter daarin geleë dat dit maklik kan gebeur dat struktuur en wese verwar word. Die instandhouding van 'n struktuur word dan gesien as beskerming van die wese van die kerk. 'Die gevaar bedreig die kerk voortdurend dat die sigbare empiriese grootheid so losgemaak word van die kerk as gebeurtenis, met die gevolg dat daar verstarring intree wat eindig in 'n lewelose instituut waarin wette en bepalings die oorheersende rol speel' (Koekemoer 1995:597). Wanneer 'n gemeente (of kerk) die eindpunt gemaak word van God se koms na hierdie wêreld toe, word nie 'n gemeente gebou nie, maar waarskynlik 'n klub van eenders voelendes. Wie dus die kerk hoofsaaklik as instituut sien, maak die teenwoordigheid van Christus verlede tyd. Dat so 'n beskouing skrikwekkende gevolge vir die lewe van die kerk inhou, hoef nie eens beredeneer te word nie.

Avery Dulles (1987) onderskei op grond van die Nuwe Testament vyf modelle van kerkwees, wat in die geskiedenis van die kerk gefunksioneer het. Burger (1991:128) wys daarop dat die wortels van hierdie vyf modelle met min moeite tot in die Nuwe Testament teruggevoer kan word. Daarom meen Dulles ook dat dit nie so eenvoudig is om te sê dat die een reg en die ander een verkeerd is of selfs dat die een meer reg en die ander meer verkeerd is nie. Wat die regte koers vir die kerk is, hang baie nou saam met sy eie geskiedenis, sy karakter of identiteit, sy konteks en die rol wat hy vir homself formuleer ten opsigte van sy omgewing.

'n Tipiese probleem van kerke by wie die instituut-kant sterk ontwikkel is, is dat die kerk 'baie bewus is van homself, van sy eie behoeftes en sy eie beeld' (Burger 1992:133). Of anders gesê: 'The beneficiaries of the church, in the institutional model, are its own members' (Dulles 1978:41).

'n Vraag waarop die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vir homself 'n antwoord sal moet gee, is of die grootste deel van sy krag en energie gebruik word om homself in stand te hou en te kontinueer. Hierdie vraag dring ons tot herbesinning oor die praktyk van kerkwees soos gegrond in die teorie van kerkwees. Burger (1987:41) wys daarop dat waar 'n te groot deel van 'n kerk se energie en krag gebruik word om homself in stand te hou en te kontinueer, dit maklik kan gebeur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> ... dat die kerk die sin van sy bestaan, naamlik sy selfverloënende gerigtheid op die wêreld uit die oog verloor en verloën sonder dat hy bedoel om dit te doen .... Waarna gesoek moet word, is 'n minimalisering van die instituut. Ons kerkwees moet so gestruktureer wees dat die instituut nie 'n magsfaktor word wat die totale kerk beheers nie.

Die wesenlike gevaar van die negatiewe kenmerke van die instituutmodel mag nooit onderskat word nie. Hendriks (1992:18) toon die volgende as gevare aan:

* Hierdie model het 'n swak Skriftuurlike en vroeg-kerklike basis;

* tradisie speel 'n oorheersende rol;

* die hiërargiese struktuur van die model en die mate waarin die instituut alles oorheers, is een van die mees negatiewe kenmerke van die model — alle inisiatief word 'van bo' verwag;

* vernuwing is baie moeilik, aangesien alles eintlik deur die kerk se dogma (etos?) bepaal en deur sy kerkwet gereël word, of andersins deur die kerklike leiding hanteer word; die pneumatologie in hierdie model is ook swak ontwikkel;

* lidmate se gawes word nie benut nie;

* eskatologie is nie ontwikkel nie;

* die perspektief van die koninkryk van God vind nie baie ruimte nie, want eintlik is die koninkryk in die kerk teenwoordig (vgl ook Snyder 1991:67-76); en

* hierdie model het as sodanig altyd 'n meerderwaardige houding van selfgenoegsaamheid waar daar nie veel ruimte vir ander kerke se siening is nie — daarom is die ekumene baie swak ontwikkel.

Die vraag is of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie alreeds te make het met die tipiese probleme wat eie is aan 'n model wat 'n kombinasie is van die sogenaamde instituutmodel en die verkondigingsmodel nie. Burger (1987:133) onderskei hierdie negatiewe kenmerke onder andere soos volg: 'Dit is beslis nie maklik vir 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kerk om 'n gelyke klem tussen prediking aan die een kant en 'n lewe van hulpverlening aan die ander kant te bewaar nie. Daar is altyd die neiging om die een prioriteit te gee bo die ander.' Hendriks (1992:23-24) dui die negatiewe kenmerke van die verkondigingsmodel aan as:

* die eensydige konsentrasie op die heilswerk van Christus, ten koste van die belangrike gesigspunt van die werk van die Heilige Gees;

* klem op die prediking ten koste van die ander bedieninge;

* klem op genade en geloof ten koste van goeie werke uit dankbaarheid; en

* klem op Woordverkondiging ten koste van daadverkondiging.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar tussen die kerk as gedefinieerde subjek (wese van die kerk) aan die een kant en as empiriese subjek op 'n bepaalde tyd en plek aan die ander kant, 'n groot kloof kan wees. Dit blyk dus dat die vraag waarmee ons ons moet besig hou, soos volg daaruit sien: Hoe kan die kerk as empiriese subjek nader kom aan die kerk as gedefinieerde subjek?

Daar sal indringend gedebatteer moet word oor die stelling: 'Daar is geen plek vir 'n kerk wat nie steeds meer word soos hy reeds in Christus en deur die Gees is nie en soos Hy deur God geroep is om te wees nie' (Nel 1994:12). Daar sal duidelik uitgemaak moet word of die probleme wat op die terrein van die apostolaat telkens weer na vore kom, nie dalk te wyte is aan die manier waarop die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor homself dink nie. 'Verstarring, gearriveerdheid, selfvoldaanheid en onbuigsaamheid is dus uit. Die kerk sal steeds op pad wees — nie net op sy weg deur die wêreld nie — maar ook op pad na sy eie identiteit, 'n identiteit wat hy reeds het, as gawe van sy Heer, maar wat steeds moet realiseer. Dit is waarskynlik ook nie so 'n rewolusionêre standpunt as wat met die eerste oogopslag mag blyk nie. Dit kom baie naby aan wat die Reformatoriese vadere bedoel het met die formule: *Ecclesia reformata semper reformandum est*: Geen stilstand, geen triomfalisme, maar steeds aan die beweeg in die gemeenskap van die Here (Velthuysen 1988: 512).

## 6. WAT IS DIE HUIDIGE STAND IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA?

Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Kemptonpark-Oos waaraan die skrywers van hierdie artikel verbonde is, bestaan sedert 1965. Gedurende die afgelope 32 jaar het hierdie gemeente geen getallegroei getoon nie. Dié tendens stem ooreen met wat dwars-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te bespeur is. Die sensusgegewens bring aan die lig dat daar 'n onrusbarende daling in die getal dooplidmate van die kerk waar te neem is. In 1983 was die totale getal lidmate (doop en belydend) van die kerk 196 323. In 1995 was dit 181 732 — dus 'n daling van 14 591. Oor 'n tydperk van 12 jaar het daar met ander woorde 29 gemeentes van 500 lidmate elk 'verdwyn'. Wat die belydende lidmate betref, lyk die prentjie soos volg: 1983 — 130 619; 1995 — 129 477, 'n daling van 1 142. Hoewel die daling nie so groot is as in die geval van die dooplimate nie, kan geen kerk dit bekostig nie.

Hierdie afname is waarskynlik te wyte aan die feit dat sekularisasie die laaste aantal jare aan die orde van die dag is en 'n groot aantal lidmate van die sogenaamde hoofstroom kerke in Suid-Afrika oorgegaan het na die meer charismatiese groepe. Ek wil 'n stelling waag deur te sê dat hierdie situasie myns insiens veral ontstaan het omdat 'n missionêre bewussyn, soos deur hierdie studie aangedui word, grootliks ontbreek het. Die kerk (elke gemeente) sal moet leer dat die bestaansdoel van die kerk impliseer dat '... sending en evangelisasie nie primêr 'n aktiwiteit van die kerk is nie, maar van God self. Die missie waarmee God besig is, sluit wel die kerk in. Die *missio Dei* is God se aktiwiteit, dit sluit beide kerk en wêreld in en is 'n aktiwiteit waarin die kerk bevoorreg is om in te deel' (Nel 1994:28).

Nog 'n stelling wat in diepte gedebatteer sal moet word is dié van Callahan (1990:3) 'The day of the professional minister is over. The day of the missionary pastor has come.' Of 'n mens nou met Callahan saamstem al dan nie, sal ons moet toegee dat dit duidelik is dat Christendom, waar die klem op die institusionele val, aan die verdwyn is. Die kerk (elke gemeente) sal gelei moet word om te verstaan dat God die kerk (elke gemeente) roep om die evangelie met woord en daad te kommunikeer. Die kerk se missionêre gerigtheid moet egter nie (veral nie uitsluitlik nie) voortvloei uit 'n besorgdheid oor die oorlewing van 'n bepaalde instituut nie, maar behoort voort te vloei uit 'n diepe besorgdheid oor die vraag of en hoe 'n bepaalde instituut aan God se doel daarmee beantwoord. Dit impliseer dat die kerk (elke gemeente) sal moet leer om radikaal anders oor homself te dink. Die feit is dat die kerk 'n bepaalde beskouing oor homself het. Koekemoer (1990:708) sê trouens:

> Ter wille van die waarheid wat die kerk moet verkondig en dien, is so 'n beskouing oor homself van wesenlike belang. Ook in dié opsig moet hy kategeties aan sy lidmate sê hoe hy homself sien en apologeties homself afgrens teen beskouinge wat, volgens sy oortuiging, die waarheid nie dien nie. Normaalweg is dit so dat die kerk sulke beskouinge in sy belydenis verwoord. Ten opsigte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verloop die saak ook nie anders nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Behalwe dat die kerk uitgesproke daaroor is dat hy homself in die eerste plek sien as kerk van Jesus Christus, sien die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself ook as volkskerk. Hierdie siening word egter só gekwalifiseer: Met volkskerk bedoel ons vandag in ons geval, in die woorde van Van der Westhuizen (1981:22):

> Volkskerk wat solidêr is met die volk (vergelyk Moses, Hosea, Paulus, Rom 9:3). Verder, volkskerk wat in die midde van die volk staan, midde in die politiek, kultuur, ekonomie en gemeenskapslewe van die volk — maar dan as apostel, met die proklamasie van die Godsheerskappy, as dienaar en getuie van die Godsgemeenskap. Dus nie volkskerk in die die sin van volksomsluitende kerk nie en ook nie 'n kerk wat deur kultuur omsluit word nie! Die kerk ná Pinkster, wat dieselfde is as vóór Pinkster, is nie meer verbonde aan één volk nie, maar is op alle volke, stamme, tale en nasies gerig. Die kerk is nie meer kerk van 'n volk nie, maar vir alle volke. Omdat die kerk aan elke spesifieke volk wil sê: Hoor, die Here, die God van Israel, is 'n enige Here (Deut 6:4), daarom is hy volkskerk.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besef dat met die volkskerk-gedagte mag die kerk nooit op so 'n wyse een met die volk word dat sy verbondenheid aan sy Heer in gedrang kom nie. Omdat sy verbondenheid aan sy Heer vir hom van soveel wesenlike belang is, moet hy altyd gestalte van die een, heilige, algemene, Christelike Kerk wees. Dit beteken dat die wesenskenmerke van die kerk altyd sonder meer op die volkskerk van toepassing moet wees.

Wanneer die kerk nou hand in eie besoem steek, moet hy dit doen met die vraag: Besef die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die noodsaaklikheid, maar veral ook die implikasies van sy missionêre gerigtheid? Of is die kerk eintlik nog maar van mening dat dít die verantwoordelikheid van die sogenaamde 'missionêre' gemeentes is soos wat die konsep kerkorde bl 48 aan die hand doen (Konsep Kerkorde 1996:48). So asof 'n mens 'gewone' gemeentes aan die een kant en 'missionêre' gemeentes aan die ander kant kan hê. Daar moet egter gewaak word om die kerk ook nie weer te laat opgaan in die apostolaat nie. Die spanning tussen die versorgings- en missionêre dimensies van gemeentewees moet steeds gehandhaaf bly. Die een mag nooit ten koste van die ander oorbeklemtoon word nie (vgl Van Niftrik 1961:276; Haitjema 1962:308; Bisschoff 1993:56; Van der Westhuizen 1992:979). Feit is dat die kerk apostolies is en die apostolisiteit is meer as net 'n eienskap van die kerk. 'Dit is ook nie maar net 'n gevolg van kerkwees nie, dit is inderdaad 'n voorwaarde van kerkwees. Die missie self



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is so omvattend soos die betrokkenheid van die Drie-enige God by sy wêreld. Dit kan tog nie anders nie. Die kerk is tog nie met sy eie missie besig nie. Die kerk neem deel ('partake') aan die missie van God. Hierdie deelneming roep die totale betrokkenheid van Christus by die wêreld na vore. Dit is dus die missie van God wat die kerk tot gevolg gehad het. Anders gestel. Die kerk bestaan omdat God nog altyd verlossend met sy wêreld besig is. Die kerk wat deur die heilshandelinge van God tot stand gekom het, het nou die voorreg om ingetrek te word en deel te neem aan die voortgaande heilshandelinge van God met sy kerk en met sy wêreld' (Nel 1994:28). Ook vir Oberholzer (1985:14) is dit die grond vir die apostolaat. Die belydenis dat die Hoof van die kerk Heer van die wêreld is, vorm die grond van die apostolaat. Dit beteken dat die kerk (gemeente) wat deur die missio Dei tot stand gekom het, in alles wat hy is, sê en doen, missionêr gerig moet wees. Anders gestel: alle bedieninge is per definisie ook missionêr in karakter (Nel 1994:28).

In die missie van die kerk staan die evangelie van Jesus Christus sentraal. Hierdie een saak moet onvervals gehandhaaf word, naamlik dat die kommunikasie van die goeie nuus aangaande Jesus Christus wesenlik en primêr is in die *missio Dei*. Tensy die evangelie gehoor word, geglo, aanvaar en geleef word, kom die bediening aan en die bediening van die gemeente nie tot sy volle reg nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die Woordverkondiging nie daarmee verhef word tot iets wat bo of teenoor die daadverkondiging staan nie. Die goeie nuus aangaande Jesus Christus moet tot alle bedieninge deurdring. Die spanning wat geskep word tussen woord- en daadgetuienis is dikwels kunsmatig. Die gesonde teologiese spanning wat daar wel bestaan, gaan nie oor 'n keuse tussen die twee nie. Dit is eerder 'n kreatiewe spanning wat die beste uit die gemeente haal en die gemeente na twee kante toe afbaken en bewaar: teen 'n goedkoop, daadlose gepraat oor die liefde van God aan die een kant en 'n ewe goedkoop evangelielose hulpverlening aan die ander kant. In die Nuwe Testament is dit duidelik dat die blote bestaan van die kerk (gemeente), die woorde van die kerk (gemeente) en die dade van die kerk (gemeente) hulle getuienis is (Nel 1994:30; vgl ook Polman s a:181).

Met bogenoemde as teologiese begronding moet die kerk (elke gemeente) gelei word om sy identiteit opnuut te ontdek. Sodoende kan die kerk (gemeente) in navolging van Christus, in noue verbondenheid met Hom, gevul deur sy gesindheid en gedring deur sy liefde, soekend in die wêreld teenwoordig wees.

## 7. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA, MISSIONêRE KERK, MOONTLIK OF BLOTE TEORIE?

Die oplossing vir die probleme soos geformuleer in die inleiding, lê moontlik in die volgende rigting:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria sal in toekomstige herkurrikulering meer doelgerig rekening moet hou met die missionêre gerigtheid van die kerk. Hierdie gerigtheid sal nie net in Sendingwetenskap tot sy reg moet kom nie, maar in al die departemente. Daar sal selfs oorweging aan die opleiding van sendelinge geskenk moet word.

* Die opleiding van die Hervormde Teologiese Opleiding sal opnuut moet kyk of dit voldoen aan die oorspronklike doel, naamlik om sendelinge vir die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika op te lei. Is hierdie opleiding nie slegs 'n duplisering van die opleiding van die Fakulteit Teologie (Afd A) nie?

* Al die bedieninge van die gemeente sal benut moet word om lidmate te begelei tot 'n missionêre bewussyn. Met die oog op die regte verstaan van kerkwees, sal veral in die kategese besondere aandag aan hierdie saak gegee moet word. Dit is egter belangrik dat die milieu waarin die kinders van die kerk opgroei, 'n sterk missionêre gees sal adem.

* Hiërargiese en institusionele strukture sal vervang moet word met 'n kerkmodel waar- in die gemeente as liggaam van Christus funksioneer. Dit beteken dat lid-mate se gawes in diens van die evangelie benut sal moet word en dat hulle nie net as arbeidsveld gesien sal word nie, maar ook as arbeidsmag.

* Naas Woordverkondiging behoort daadverkondiging tot sy reg te kom. Elke lid-maat behoort toegerus te word om in die midde van die gemeente en die wêreld hulle geloof getuigend, vierend, delend en dienend uit te leef.

* Die kerk kan steeds gerig wees op die Afrikanervolk. Maar dit mag nooit beteken dat enigiemand op enige wyse uitgesluit word nie. Vanweë die negatiewe konno-tasies wat as gevolg van die verkeerde gebruik van die begrip 'volkskerk' ontstaan het, moet die lewe en woorde van die kerk so wees dat dit die regte verstaan van die begrip 'volkskerk' tot gevolg sal hê.

## Literatuurverwysings

Amstrong, R S 1979. *Service evangelism.* Westministers Press: Philadelphia.

Bisschoff, J 1993. Die spanning tussen die versorgings- en missionêre dimensie in gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* 8/1, 42-65.

Bosch, D J 1993. *Transforming mission.* Orbis Books: New York.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Burger, C 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Lux Verbi: Kaapstad.

Callahan, K L 1990. *Effective church leadership: Building on the twelve keys.* San Francisco: Harper.

Deist, F E 1989. Die Kerk: 'n Verenigende of verdelende faktor in die ontwikkeling van Suid- Afrika? *HTS* 45/4, 894-915.

Dudley, C S & Hilgert, E 1987. *New Testament tensions and the contemporary church.* Philadelphia: Fortress.

Dulles, A 1974. *Models of the church.* Garden City: Image.

Getz, G A 1984. *Sharpening the focus on the church.* Wheaton: Victor Books.

Haitjema, Th L 1962. *De Heidelbergse Catechismus, als klankboden en inhoud van het actuele belijden onzer kerk.* Wageningen: Veeneman & Zonen.

Hendriks, H J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente.* Wellington: Hugenote Kollege.

Koekemoer, J H 1990. Die na-binne of introverte gerigtheid van die Kerk: Kerk en wêreld 2000. *HTS* 46/4, 708-715.

——— J H 1995. Die Kerk as dogmatiese gebeure: 'n Dogmatiese perspektief. *HTS* 51/3, 595-603.

Neigbour, R W 1977. *Where do we go from here?* Houston: Touch.

Nel, M [1982] 1986. *Jeug en evangelie.* 2de Druk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

——— 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

NHKA — Kerkorde Tweede Konsep vir voorlegging aan Kerkrade en Predikante. Pretoria 1996.

Oberholzer, J P 1985. Die taak van die kerk teenoor die owerheid. *HTS* 41/1, 14-28.

Polman, A D R s a. *Woord en belijdenis, eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Tweede deel.* Franeker: Wever.

Pont, A D 1987. Die vrye kerk: Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van die opvatting. *HTS* 43/1, 25-46.

Sjogren, S 1993. *Conspiracy of kindness.* Michigan: Servant Publications.

Snyder, H A 1991. *Models of the kingdom.* Nashville: Abingdon.

Van Aarde, A G 1995. Die historiese Jesus, die Jesus-beweging en die vorming van die kerk. *HTS* 51/3, 623-644.

Van der Westhuizen, H G 1981. *Volkskerk en sending.* KITAL: Pretoria.

——— 1990. Besinning oor die apostolaat van die kerk. *HTS* 46/6, 542-566.

——— 1992. Toenemend kerk. *HTS* 48/3 & 4, 977-993.

Van Niftrik, G C 1961. *Kleine Dogmatik.* Nijkerk: Callenbach.

Velthuysen, G C 1988. Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag. *HTS* 44/2, 489-513.

Wagner, C P 1984. *Leading your church to grow.* California: Regal Books.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services